Voorspellingsgidse

'n Voorspellingsgids …

- is 'n begripsstrategie wat gebruik word om leerders se bestaande kennis te aktiveer **voordat** 'n teks gelees word
- word gebruik om afwagting te skep oor 'n bepaalde onderwerp **voordat** die teks gelees word
- bevat stellings waarmee leerders kan saamstem of waarvan hulle kan verskil
- leer leerders om *voorspellings te maak, te antisipeer wat hulle gaan lees*, en om hul voorspellings te *kontroleer* en/of bevestig
- kan vir **beide fiskie- en niefiksie-**tekste gebruik word
- is veral nuttig vir niefiksie-tekste, soos inhoudsvakke, waar spesifieke feite geleer en onthou moet word.

Om 'n voorspellingsgids te skep, moet die onderwyser bepaal wat die **hoof-/belangrikste gedagtes/feite** in die teks is en wat die leerders moet onthou.

Hierdie belangrikste feite vorm die basis van die voorspellingsgids wat ….

- kort stellings maak
- in kolomme verdeel is waar leerders kan saamstem of verskil (EK-kolom) voordat hulle lees, plus 'n TEKS-kolom vir kontrole nadat hulle gelees het.
- Stellings maak in dieselfde volgorde waarin hulle in die teks verskyn
- Begrip van die **hele teks** toets – d.w.s. dit kan vergelykende of kontrasterende feite bevat ('n voorbeeld gebaseer op 'n teks oor klimaat: "*Alle SA provinsies ervaar temperature benede vriespunt in die winter*" (onwaar) – hierdie stelling vereis dat leerders gelees het oor die weer in al nege provinsies, en verstaan dat slegs twee provinsies se temperatuur benede vriespunt daal in die winter)
- slegs op die belangrikste feite in die teks konsentreer
- nie probeer om leerders te mislei nie
- stellings bevat oor **alle** tekseienskappe (bv. grafieke, kaarte), en nie slegs die geskrewe teks nie.

Voorbeeld: verwys na Voorspellingsgids oor swamme